

'n AFRIKAANSE DIGITALE BIBLIOGRAFIE

AGTERGROND

'n Behoefte is reeds lank terug uitgespreek dat inligting en bronne oor die Afrikaanse taal- en letterkunde wyer as bloot in biblioteke en argiewe beskikbaar gestel moet word. Die ervaring is byvoorbeeld dat akademici in die Lae Lande min of geen toegang het tot gepubliseerde Afrikaanse werke nie terwyl SA akademici weer geredelik toegang tot hierdie soort inligting het via die talle beskikbare bronne (ook in elektroniese formaat) in die Nederlandse taalgebied. In wese kom dit daarop neer dat Afrikaanstalige bydraes min effek het op die akademiese debat in die Lae Lande, d.i. dié deel in die buiteland wat vir ons vanuit 'n taaloopunt die toeganklikste is.

Aanvanklik was die plan om 'n Afrikaanse weergawe van die BNTL (**Bibliografie van de Nederlandsche Taal- en Letterkunde**), dus 'n BATL (**Bibliografie van die Afrikaanse Taal- en Letterkunde**), tot stand te bring en daar is inderdaad sedert 1994 onder leiding van prof. Wannie Carstens (Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit) en Dorothea van Zyl (Universiteit van Stellenbosch) verskeie pogings aangewend om dit moontlik te maak. Daar is mettertyd besef dat die omvang van die data in die BNTL en ook die formaat waarin dit aangebied is, nie toepaslik is vir die beplande BATL nie bloot omdat Afrikaans nie in soveel klein kategorieë soos in die BNTL vervat, ingedeel kan word nie. *Die besluit was wel dat daar probeer sou word om in soverre moontlik die aard en formaat van die inligting te laat aansluit by die BNTL juis omdat assosiasie met die BNTL dit moontlik sou maak dat die inligting wyd in die Nederlandse taalgemeenskap beskikbaar gestel sou kon word.*

Weens 'n gebrek aan hande om die BATL aan die gang te kry, is daar ná 'n besoek aan die BNTL in 1997 besluit om NALN (die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum in Bloemfontein) te nader om die taak te verrig. Die oordeel was dat die vinnige ontwikkeling van tegnologie in die laat 1990's dit moontlik gemaak het dat die data met die oog op die wydste moontlike toegang eerder *gedigitaliseer* sou kon word as om die tradisionele optekeningsmetodes na te volg. Omdat NALN reeds die taak vir die Afrikaanse letterkunde verrig het, was die argument dat met uitbreiding van personeel en rekenaar- en netwerkinfrastruktuur NALN ook die taak vir die opteken van die Afrikaanse taalkunde sou kon oorneem. Fondse hiervoor is verkry vanaf die *Fonds Neerlandistiek* (geadministreer deur die Universiteit van Stellenbosch) en *Die PUK-Kanselierstrust* van die Noordwes-Universiteit. Hierdie eksperiment was ongelukkig nie geslaagd nie om 'n verskeidenheid van redes en die projek en befondsing is teen 2002 onttrek.

Daar is vervolgens besluit om ter wille van hanteerbaarheid die digitalisering van bronne van en oor die taal- en die letterkunde as *afsonderlike projekte* aan te pak. Prof. Dorothea van Zyl (US) (dpvz@sun.ac.za) sou die verantwoordelikheid vir die bestuur van die letterkundeprojek oorneem, desnoods in oorleg met NALN en ander instansies, en prof. Wannie Carstens (NWU-PUK) (Wannie.Carstens@wu.ac.za) sou die taalkundeprojek hanteer.

Die letterkundeprojek is nog in beplanning, maar sedert 2007 het die ATKV ook begin met die opname van materiaal oor skrywers op die LITNET-webwerf (www.litnet.co.za) en dit hou besondere potensiaal in vir samewerking met die oog op

'n toekomstige gedigitaliseerde weergawe van die verhaal en produkte van die Afrikaanse letterkunde.

Die taalkundeprojek is in 2004 aangepak met die hulp en steun van die Ferdinand Postma-Biblioteek op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit. Mnr. Tom Larney, direkteur van die biblioteek, het personeel en fasiliteite ('n werkslokaal asook toegang tot die universiteit se rekenaarnetwerk) beskikbaar gestel om die projek van die grond af te kry. Daar is in oorleg met mev. Hester Lombard besluit op 'n opnamestelsel (aanduiding van taalkundige kategorieë - dit word vir u kennisname onderaan hierdie boodskap aangedui) wat as vertrekpunt kan dien vir die opteken van bronne. Mev. Corrie Breitenbach het gehelp om die formaat van die inligtingsaanbod te bepaal. Mev. Carla Ubbink het in 2006 die versamelingstaak oorgeneem. Broodnodige finansiële bystand is weer eens verskaf deur die *Fonds Neerlandistiek*. Daarvoor is ons baie dankbaar!

Die projek het tot op hede (Julie 2008) reeds die *optekening* en *ordening* van meer as 9 000 bronne oor die Afrikaanse taalkunde opgelewer. Daar is ook heelwat geëksperimenteer, in oorleg met die BNTL wat sedert 2000 ook in 'n ingrypende vernuwingsproses is met die oog op digitalisering, oor die wyse waarvolgens bronne in die stelsel opgeneem behoort te word. Die projek het ook reeds daartoe gelei dat talle ouer bronne (artikels in ouer koerante en tydskrifte) wat vroeër bykans ontoeganklik was, elektronies gekopieer is (ingeskandeer is) voortaan beskikbaar sal wees vir navorsingsdoeleindes - al klaar 'n duidelike wins vir Afrikaans! ***Ons is egter nog in die ontwerpfase en het u hulp en insette nodig om te bepaal oor hoe ons die inligting op die beste moontlike en ook gebruikersvriendelikste manier kan aanbied.*** LET WEL: Ons maak hoegenaamd nie aanspraak op volledigheid nie en die data wat opgeneem is, is die data wat via normale kanale toeganklik was vir die projekinisieerder.

'n Groot probleem waarmee ons byvoorbeeld op hierdie stadium sit, is die kwessie van *outeursreg*. Outeursreg verval tradisioneel ná 50 jaar en dit stel ons tans in staat om ouer bronne (hoofsaaklik artikels) van voor 1958 te skandeer vir opname in die stelsel. Ons het egter toestemming van outeurs ná 1958 nodig om dit ook met hulle materiaal te kan doen. Wenke en voorstelle in hierdie verband is uiters welkom! Die BNTL het 'n voorstel in hierdie verband wat ons beplan om op te volg, maar u terugvoer is ook belangrik omdat u moontlik van die outeurs ken of ons kan help om met hulle in kontak te kom.

VERSOEK

Die projek is nou in die fase waar potensiële gebruikers versoek word om die projek se webblad te gaan besoek en hulle oordeel te vel oor die effektiwiteit van die formaat waarin die inligting aangebied word. Die webbladadres is: <http://www4-win2.p.nwu.ac.za/dbtw-wpd/textbases/BATL.htm>

Ons versoek is daarom vriendelik om die volgende te doen en terugvoer aan ons te gee:

- **Gaan besoek die webblad.** [Die knopie **Soek Wenke** vertoon 'n kort handleiding en hulp met die databasis: <http://www4-win2.p.nwu.ac.za/dbtw-wpd/help/batl.pdf>]
- **Toets of u eie publikasie(s) opgeneem is.**

- Indien daarvan ontbreek, versoek ons dat u ons asb. voorsien van 'n lys van u publikasies. (Ons sal dit in alle gevalle waardeer as ons 'n kopie van u volledige publikasielys kan kry vir kontroledoeleindes - sien ook hier onder.) Die plan is om uiteindelik ook soos BNTL te maak: persone moet self inligting in die stelsel kan invoer.
- Toets ook ander publikasies waarvan u kennis dra.
- Is u publikasie(s) in die korrekte kategorie(ë) geplaas?
- Het u voorstelle hoe om die kategorieelys te verbeter / verfyn / uit te brei?
- Het u kommentaar oor die formaat van die aanbieding: gebruikersvriendelikheid, maklike / moeilike toegang tot inligting, ens.?
- Kon u toegang tot van die bewaarde tekste kry?
- Enige ander kommentaar / wenke?

Dit sal ook waardeer word as elke Afrikaanse taalkundige (of persone wat oor die Afrikaanse taalkunde publiseer) die volgende sal kan **doen**:

- 'n Lys van sy / haar publikasies aan ons kan stuur vir kontroledoeleindes.
- Elektroniese kopieë van sy / haar publikasies aan ons kan verskaf vir opname in die stelsel.
- 'n Toestemmingsbrief kan stuur dat die BATL die nodige toestemming kry om die betrokke publikasie in die versameling op te neem.
- Die bogenoemde boodskap so wyd as moontlik aan sy / haar netwerk van kontakte kan uitstuur om te help om die korrektheid van die inligting te help kontroleer.
- Potensiële langtermynborge vir ons kan uitwys. Netwerkskyfspasie en personeel om die werk te doen is helaas nie verniet nie.

Stuur asb. u terugvoer aan:
 Mev. Carla Ubbink (Carla.Ubbink@nwu.ac.za)
 Tel. 019 299 1747

Met vriendelike taalkunde-groete

Prof. Wannie Carstens
 Skool vir Tale
 Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus
 POTCHEFSTROOM 2520
 Suid-Afrika

Tel.: +27 (0)18 299 1552
 Faks: +27 (0)18 299 1562
 E-pos: Wannie.Carstens@nwu.ac.za

Taalkundige kategorieë

Hier onder die lys met taalkundige kategorieë wat tot op hede in die opname van data gebruik is. Die syfers voor die kategorie dui die aantal optekeninge aan.

Aanleerprogramme	
2	Afkortings
51	Afrikaans algemeen
2	Afrikaans en Afrikatale
10	Afrikaans en Tegnologie
7	Akademiese Geletterdheid
18	Algemene Linguistiek
85	Algemene Taalkunde
64	Algemene Taalteorie
14	Anglisismes
2	Aspek
76	Bibliografie
2	Bibliografiese Verwysings
12	Bronnegids
2474	Diachroniese Taalkunde en Taalgeskiedenis
2	Diernaam
8	Dokumentontwerp
1	Etimologie
125	Fonetiek
175	Fonologie
2	Gebaretaal
6	Geletterdheid
6	Grammatikaboeke
463	Historiese taalkunde
2	Humor
4	Idiome
6	Interpunksie
11	Invloed van Engels op Afrikaans
1	Invloed van tale op Afrikaans
10	Kognitiewe Taalkunde
5	Korpuslinguistiek
1	Leestekens
858	Leksikografie
456	Leksikologie
5	Meertaligheid
1	Metodologie
149	Morfologie
99	Naamkunde
1	Neurolinguistiek
77	Normatiewe taalkunde
45	Persoonsnaamkunde
285	Pleknaamkunde
140	Pragmatiek
4	Rekenaarlinguistiek
5	Retorika
15	Sake-Afrikaans
14	Sakekommunikasie
161	Semantiek
399	Sintaksis
448	Sosiolinguistiek en variasietaalkunde

302	Spelling
2	Standaardtaal
62	Stilistiek
52	Taalbeplanning
8	Taalgids
8	Taalkunde en Letterkunde
1381	Taalonderrig
427	Taalpolitiek
1055	Taalpraktyk en Taalgebruikskunde
230	Taalsuiwerheid
11	Taaltegnologie
1	Taalwetenskap
165	Tekslinguistiek en Diskoersanalise
4	Teksstudie
16	Teksversorging
1	Tekswetenskap
232	Terminologie
1	Toegepaste Linguistiek
7	Tyd en Modaliteit
17	Vaktaal
1	Verkleinwoorde
89	Vertaalkunde en Tolkwerk